**Vrydag 4 April**
**Skrifgedeelte: Jesaja 1:10-20**
**Fokusgedeelte: Jesaja 1:17, 18 (AFR83)**

**Godsdiens sonder etiek is ’n gruwel vir die Here**

In ons Skrifgedeelte is God besig met ’n hofsaak teenoor sy opstandige volk. Jesaja beklemtoon dat godsdiens sonde word as dit nie gepaardgaan met toewyding aan God nie. Die volk kom die voorskrifte in verband met die bring van offers en die hou van feesdae na, maar van ’n verhouding met God was daar geen sprake nie. Hulle doen onreg, maar hulle dink hulle kan God met hulle skyngodsdiens bluf.

Juda was in vandag se terme “Sondag-Christene”. Dit wat ons in die erediens bely en sing, het geen impak op die res van ons lewens Maandag tot Saterdag nie. Godsdiens sonder etiek, erediens sonder gehoorsaamheid en lewensoorgawe is ’n gruwel vir die Here.

Dus kom Jesaja met sy oproep tot verandering (vs 17). Die sondes van die volk roep om vergifnis en versoening. Die offerdiens kan hierdie krisis nie meer oorkom nie, want die volk se hande is besmet. ’n Verandering lyk onmoontlik. Verandering kan slegs kom van die Een wat verontreg is. Hier kan slegs God verandering bewerk. Hoe doen God dit?

In die tweede deel van Jesaja (53:5-6) word die antwoord op hierdie vraag alreeds in ’n mate aangetoon. Die volle geheim van God die Regter, wat ook God die Heiland en Verlosser is, word uitgespel in die koms en die kruis van Christus. Deur die kruis van Christus ontvang ons vergifnis van sondes en word die menslik-onuitwisbare rooi ’n Goddelike spierwit. Met die vergifnis in Christus breek die koninkryk van God deur in hierdie wêreld. Vergewing beteken bevryding, vernuwing, lewensverandering, hartgrondige bekering. Nuwe-Testamenties gesien, impliseer vergewing dat ons nie meer leef nie, maar Christus in ons leef omdat ons saam met Hom gekruisig is (Gal. 2:20; Rom. 6:6,11). ’n Persoon wat ware vergifnis ontvang, se lewe word totaal verander.

*Sing: Skrifberyming 5-2:3, 4*

*Ds. SJ (Stephan) Briel (Bergbron)*